



Terwyl honderde miljoene regoor die wêreld eerskomende Saterdag ter ondersteuning van Earth Hour in donkerte gehul sal wees, gaan 'n huis op Worcester soos 'n helder lig skyn – óók vir bewusmaking oor aardverwarming.

Om 20:30 op Saterdag 27 Maart 2010, sal huishoudings en ondernemings hul ligte afskakel in ondersteuning van Earth Hour.

Earth Hour is 'n inisiatief wat deur die Wêreld natuurfonds (WWF) ontwikkel is om klimaatsverandering en aardverwarming te beveg. Die doel is ook om die belangrikheid van die gebruik van hernubare energiebronne onder die aandag van verbruikers te bring. SuidAfrikaanse bekendes soos onder andere The Parlotones, Ryk Neethling en emeritusaartsbiskop dr. Desmond Tutu het vanjaar ook hulle steun vir dié wêreldwye inisiatief.

Mnr. Fazli Okkers, 'n inwoner van Worcester, is vir jare al 'n voorstaander van die gebruik van hernubare energiebronne en het besluit om die inisiatief op 'n alternatiewe manier te ondersteun.

Okkers se woning in De Villiersstraat 11, Langerug se ligte sal dié Earth Hour nie afgeskakel word nie. Dit sal eerder aangeskakel bly sonder om enige konvensionele elektrisiteit te gebruik. Hoe is dit dan moontlik, vra jy dalk? Wel, Okkers se woning is uniek. Dit is die enigste op die dorp wat gebruik maak van sonpanele en 'n windturbine om krag vir die hele huis op te wek en die grootste in die WesKaap.

Die 20 sonpanele en een windturbine wek in totaal tussen 40 en 45 kwh per dag op en dit is oorgenoeg om die Okkerswoning aan die gang te hou. Hy het besluit om Earth Hour op hierdie manier te ondersteun met die doel om te bewys dat dit inderdaad moontlik is om elektrisiteit in jou huis te hê sonder om staat te maak op konvensionele elektrisiteitstoevoer.

Volgens Okkers is dit “baie belangrik dat verbruikers minder staat sal maak op niehernubare fossielbrandstowwe soos kool, olie en aardgas aangesien hierdie brandstowwe ’n peil bereik het en binne enkele dekades gaan opraak.” Okkers beklemtoon dat hy nie teen die Earth Hourinisiatief is nie. Inteendeel, hy ondersteun dit geheel en al en wil daarbydie gebruikvan alternatiewe hernubare energiebronne in Worcester, asook die res van die WesKaap bevorder. Hy nooi almal uit om te kom kyk wat moontlik is met die gebruik van hernubare energiebronne en hoe hulle ook ’n blywende verskil kan maak. - Die installasie van die sonpanele is deur ’n plaaslike firma SUNHOT SOLAR gedoen. Sien die advertensie elders op die blad vir meer inligting en kontakbesonderhede. Sonpanele maak ’n blywende verskil.